



ANCHORS AWEIGH

SS672/1996

ANCHORS AWEIGH BODY CORPORATE

Tel: 011 668 0100

Fax: 011 958 0027

P O Box 21882

HELDERKRUIN

1733

admin@anchors-aweigh.info

**Notule van trustee vergadering gehou op
15 Junie 2013 te Crowthorne lodge, Kyalami**

| Teenwoordig: | Teenwoordig: | Verskooning: |
|--------------------------|---------------------|---------------------|
| Andre Stewart | Faan van Emmenes | |
| Hennie Grobler | Desre Stewart | |
| Robby van Wyk | | |
| Johan van Emmenes | | |
| Dirk Winterbach | | |
| Wentzel Stewart | | |
| Blackie Swart | | |
| | | |

| Item | Besonderhede | Persoon verantwoordelik | Sper datum |
|-------------|--|--------------------------------|-------------------|
| 1. | Kennisgewing van die vergadering en 'n kworum: Kennisgewing van die vergadering was gegee en daar is 'n kworum teenwoordig. Die voorsitter Andre Stewart, welkom almal teenwoordig en bedank Dirk dat ons die vergadering by sy lodge kan hou. | | |
| 2. | Goedkeuring van die notule van die vorige trustee vergadering wat gehou is te Anchors Aweigh die 30ste Maart 2013: Almal het die notule gekry wat Desre uitgestuur het na die laaste vergadering. Die notule is goed gekeur. | | |
| 3. | Finansiële Verslag Maandelikse finansiële verslag: Hennie gee die verslag. Die balans 15 Junie 2013 is R 128 889,60. Die bedrag agterstallig R 69 419,04, vooruit betaling is R 55 788,45 dit gee R 125 207,49. Werks kapitaal R 3 682,11. | Hennie | |
| 3.1 | Daar is baie eenhede se levies wat agterstallig is. Andre stel voor dat die finansele komitee in die nuusbrief iets moet sit om die eienaars te vra om voor uit te betaal en 'n % afslag te gee. Dirk stel voor 1% per maand. | Fin Komitee | |



| | | | |
|---|---|--------------------|--|
| <p>3.2</p> <p>3.3</p> <p>3.4</p> <p>3.5</p> <p>3.6</p> <p>3.7</p> <p>3.8</p> <p>3.9</p> | <p>Dit gaan wet word dat die trustees verplig word om in die begroting 'n "reserved fund" in te sit.</p> <p>Daar is 22 eenhede se levies agterstallig as die levies nie teen die 7de betaal word nie kry die eienaar 'n sms en teen die 15de word die krag gesny. Die trustees het besluit om voor te gaan met die fooi van R500 en n fooi van R250.00 per maand vir admin tot die agterstallige bedrag betaal is te vra om die krag te sny en dit weer aan te sit.</p> <p>Die trustees kyk weer na die opsies om die grasdakke te vervang met iets anders wat kostes kan bespaar soos "Harvey thatch" Hennie het 'n plek gesien en sal die fotos deursteur, die eienaars hou baie van die grasdakke maar die kostes om dit te onderhou word te veel en die kwaliteit van die gras is nie goed nie. Die grootste skade op die dakke is by die valleys omdat dit nie reg ingesit is nie en die gras loop nie in die regte rigting nie. As n Eienaar aanbou en die werk is af gehandel , moet die eienaar ons in kennis stel sodat ons kan inspeksie doen om die dak oor te neem, anders bly dit die eienaar se verantwoordelikheid.</p> <p>Die kwotasies vir die reservoir Hulle het 3 kwotasies gekry. Die finansieele komitee moet weer pryse kry vir die reservoir want die prys van die pype het op gegaan. Die pryse moet vir Johan self gestuur word</p> <p>Die besluit was reeds geneem om 'n "special levy" te vra vir die reservoir, dit moet gedoen word. Die eienaar sal 2 maande kans kry om dit te betaal.</p> <p>Die bome is 'n groot probleem om die eenhede, die saad val op die dakke en omdat die dakke nie son kry nie word dit vinnig vrot. Faan het om die eenhede van die bome se takke gesny om dit te voorkom.</p> <p>Die eenhede wat nog ou krag meters het is, 32, 52, 79, 94, 111, 134, 142, 157, 158. Van hulle het reeds betaal maar hul ou meters het nog krag op</p> <p>Die trustees moet 'n resolusie teken om die geld wat vas bele is by ABSA bank los te maak, om dit as 'n deposito by die munisipaliteit te gebruik. Al die trustees stem saam om die resolusie te teken.</p> | <p>Fin Komitee</p> | |
|---|---|--------------------|--|



| | | | |
|------------|--|--------------------------|--|
| 4. | Versekering verslag: ABSA het ons geskuif na Lions of Africa, ons het vir die makelaars gevra hoekom hulle ons geskuif het, maar hulle het niks terug laat weet nie. Dirk sal ander kwotasies kry, by Outsurance. Hulle moet uitkom en inspeksie doen vir die versekering. Die brand kraan aansluiting moet gedoen word met 110mm sodat die vloei en drukking reg is . Wentzel sal vir Faan help om dit te doen. Sal die pryse van die toebehore kry. | Dirk Faan/Wentzel | |
| 5. | Gebou / huur komitee verslag Huur van geboue: | | |
| 5.1 | Iona Fisher het aansoek gedoen om weer die winkel te kan bedryf. Al die trustees stem saam dat dit 'n voordeel is vir die oord. | | |
| 5.2 | Die kantoor bo by die hek se dak is reg gemaak. Desre kan nou in die kantoor intrek. Die finansieele komitee moet net by Leandra hoor oor die ADSL lyn anders moet hulle aansoek doen vir een | | |
| 6. | Kommunikasie / korrespondensie komitee verslag: | | |
| 6.1 | Daar moet elke 4 maande 'n nuusbrief uitgestuur word. Die nuusbrief moet nou voor die einde Junie uitgestuur word. | | |
| 6.2 | Torgos: Al die Ja en Nee stemme moet na die prokureur toe gaan en hy sal dit na die hof toe vat. Die hof moet 'n besluit maak. | | |
| 7. | Onderhandeling komitee: | | |
| 8. | Bou komitee: | | |
| 8.1 | Eenheid 70 wil 'n afdak opsit, Eenheid 113 wil die sink dak afhaal en 'n gras dak opsit. Die eienaars se lewies moet op datum wees voor hulle veraderings kan doen aan die eenheid. Iona het aansoek gedoen om tydelik 'n gazebo by haar eenheid op te sit en later 'n afdak te bou. Sy vra ook oor die blom potte wat sy voor die kantoor gesit het, wat het van dit geword. | | |
| 8.2 | Eenheid 34 wil sy dak lig en binne n paar goed verander , dit is reg so Desre moet net vir die bogenoemde n brief skryf en hulle so laat weet. | Desre | |



| | | | |
|--------------|--|--|--|
| 8.3 | <p>Daar is 'n klagte omdat Wentzel op die bou komitee is en ook werk op die oord doen. Andre stel voor om iemand anders op die oord te kry om ook na die bou planne te kyk, hy stel vir Faan voor om die planne goed te keer. Al die Trustees aanvaar dit so.</p> <p>Die eenhede waar Wentzel gebou het se planne was glad nie deur Wentzel goed gekeur soos gesinspeel is nie. Dit was alles op leer en reeds deur ander trustees geteken.</p> <p>Robby se dat die einaar van 53 was op die oord en het hom geskakel, hulle het nie geweet dat iemand voor hulle gaan bou nie. Andre sal dit met die eienaars van 53 bespreek.</p> <p>Andre vra Trustees moet hulle weerhou om namens mense te praat .Eienaars moet as daar n problem is dit met al die Trustees opneem, 'n email stuur en dit sal dan so hanteer word.</p> | | |
| 9. | Verslag deur die Oord Kontrakteur: | | |
| 9.1 | Almal het die verslag gekry. Baie dankie Faan vir al die harde werk. Die oord lyk goed | | |
| 9.2 | Blackie wil net graag vir Faan bedank dat hy die grens draad weer so mooi skoon gesny het. | | |
| 10.1. | Her-registrasie van die volgende eenhede - Stowell en Kie. Stott Milton & Conway - magtiging vorm en kwotasie: | | |
| | Ons het die dokumente gekry van die munisipaliteit af, vir die verslapping en her-registrasie van die eenhede. | | |
| 10.2. | Verslapping van die boulyn aansoek - Stott Milton & Conway: | | |
| | Ons het dit gekry. | | |
| 10.3. | Torgos - Geen stemme - Toestemmings van eienaars en verbandhouders: | | |
| | Is bespreek by punt 6.2 | | |



| | | | |
|-------------|---|--|--|
| 11. | Algemeen | | |
| 11.1 | Sekuriteit: Die kameras is in gesit, en dit het ons nie geld gekos nie net n uur of wat se onderhandelings. Faan het vir ons die pad oop gekap om die drade onder die grond te sit. Ons het die eerste huurder gevang wat die glas van die sekuriteits kamer se venster gebreuk het. Al 4 die kameras is op. Baie dankie Gladiator Security. As daar enige eienaars is wat wil saam staan en belangstel om kameras by hulle eenhede te wil opsit is hulle meer as welkom. | | |
| 11.2 | Animal farm: Dit lyk baie netjies by die Animal farm. Michelle wil die naweek van die 30ste Junie almal nooi om saam die animal farm mooi te maak. Almal word genooi om te kom help. Ons wil al die eienaars deel maak van die animal farm. | | |
| 11.3 | Sogenaamde negatiewe eienaars As daar enige negatiewe eienaar 'n trustee kontak moet die trustee dit op skrif kry en dit deurstuur aan die ander trustees. | | |
| 11.4 | Domicilium adres Op die AGM is 'n domicilium adres goed gekeur, ons moet dit by Leandra oorvat. As daar enige briewe na die pos adres gestuur word en ons kry dit nie kan die mense ons dagvaar. | | |
| 11.5 | ADSL Die ADSL lyn wat Robby aangebied het, wil hy net uitvind of dit beskikbaar is. Hy se Leandra het hom dalk gekanseleer. Ons gaan die kamera op die ADSL lyn verbind. Ons moet borde opsit om te se dat daar kameras is. | | |
| 11.6 | Website Ons wil weereens net vir Michelle baie dankie se vir haar harde werk op die website. Sy het vir Desre 'n nuwe epos adres gemaak wat sy van nou af kan gebruik. admin@anchors-aweigh.info dit sal makliker wees vir al die eienaars om te gerbuik. Dit is die eiendom van die oord Baie dankie Michelle | | |



| | | | |
|---------------|---|--|--|
| 11.7 | Toekening van geadverteerde poste en ander aspekter wat Trustees pla – Blackie verslag | | |
| 11.7.1 | <p>Ter aanvang het dit vir my duidelik geword in die loop van gesprek en kontak met verskeie eienaars en trustees dat:</p> <ul style="list-style-type: none">- daar onkundigheid bestaan mbt die 51/49 stem- trustees nie met vrymoedigheid na vore tree en hulself uitspreek mbt aspekte wat hulle pla nie.- nie ophoogte is met vergadering prosedure nie, of dit nie toepas nie. <p>Ek sal voorbeelde in die loop van my verslag uitwys.</p> | | |
| 11.7.2 | <p><u>Verkiesing van Trustees</u></p> <p>Na afloop van die AGM het verskeie persone die prosedure wat tydens die vergadering gevolg was bevraagteken. Die volgende was die mees algemene besware; 51/49 klousule. Die bekommernis is dat Andre sy 51 % stem gebruik het om trustees te verkies nietenstaande die feit dat hy by verskeie geleenthede gese het dat hy dit slegs sal gebruik om die Torgos sage te bestuur. Die 51% was gebruik omdat daar tydens die vergadering versoek was dat daar volgens PQ gestem moet word.</p> <p>Andre & Wentzel uitstaande mbt 51/49</p> | | |
| 11.7.3 | <p><u>Bedanking deur Leandra as bestuursagent.</u></p> <p>Ek wil net weereens beklemtoon dat dit volgens my n groot jammerte is dat ons die geleentheid verloor het om die bestuursagent op die oord te he. Die paar dae wat sy wel daar betrokke was het sy werklik bewys hoe voordelig dit is om in n posisie te wees om met eienaars te kan kommunikeer. Dit het ook bewys watter enorme taak Status Mark oor n afstand verrig het.</p> <p>Leandra se drastiese stap het die moontlikheid om weer so n stap in die nabye toekoms te doen gekelder. Dit sal goeie motivering kos om eienaars weer te oortuig dat dit die regte ding is om te doen.</p> | | |



Rede vir bedanking:

Volgens Leandra was die feit dat sy nie n kontrak het nie die strooi wat die kameel se rug gebreek het. Daar was ander aspekte wat haar taak ook bemoeilik het onder andere. Die feit dat sy nie baie goeie ondersteuning van Andre ontvang het nie.

Ek het met Leandra geskakel toe sy bedank het omdat ek werklik teleur gestel was dat sy so n drastiese stap geneem het sonder om dit met die ander trustees te bespreek.

Sy het my meegedeel dat sy dit op advies van n regsvertegenwoordiger gedoen het. My beskeie mening is dat hy haar verkeerde raad gegee het en daardeur ook finansiële benadeel het.

Leandra het aan my en ook ander trustees beklemtoon dat haar besluit onomkeerbaar is. Later was die vraag egter geopper waarom haar bedanking nie ondersoek was nie, wat daarop dui dat sy moontlik ook later beseft het dat die besluit te drasties was.

Kontrak

In Robbie se woorde, watter persoon vertrou geld en verantwoordelik toe aan n persoon sonder n kontrak. Dieselfde redenasie geld ook tov Leandra nl, watter persoon neem al die verantwoordelikheid sonder n kontrak.

Andre het my per geleentheid meegedeel dat daar sekere aspekte in die kontrak is wat hy net met n prokureur wil verifieer voordat dit finaliseer word. Ons moet onthou dat Leandra die kontrak voorgelê het. Dit is nie onbillik om sekere aspekte aan te pas sodat beide gelukkig is nie. Ek stem egter saam dat meer dringend hanteer moes word. Ek en moontlik die ander trustees ook, was onder die indruk dat die formaliteit afgehandel was.

Ek wil nie, en kan nie afleidings as feite in ag neem nie, maar die vraag bestaan onwillekeurig by my hoeveel die feit dat Robbie nie die tuindienste pos gekry het nie, bygedra het tot Leandra se drastiese besluit nie en dat die feit van die kontrak net n metode was om uit die situasie uit te kom nie. Dit is baie opvallend dat daar tot die stap oorgegaan is nadat die nuus mbt tuindienste gebreek het.



Beloftes van Poste

Die afgelope tyd, ongeveer twee jaar duik die bewerings telkens op dat poste aan persone belowe was. Ek lig die volgende voorbeelde uit:

Robbie: Die kontrakteurs pos asook Tuindienste.

Hy het aansoek gedoen vir die pos en ook n aanbod gemaak om die rugbyveld te sny.

Ek het Robbie gevra hoe hy as trustee, wat die prosedure ken, op beloftes van een persoon kan staatmaak. Sy antwoord aan my is dat Andre n 51 persent stem het.

Ek het aan Robbie die 51/49 proses verduidelik.

Die kontrakteurspos was deur die trustees oorweeg en die aanstelling is deur al die trustees gedoen. Ek kon nie bewys kry dat enige trustee beïnvloed was nie.

Robbie was n sterk kandidaat.

Robbie: Tuindienste

Hy noem dat hulle telkens met Andre gepraat het mbt die tuindienste wat telkens bevestig het dat hy die pos sal kry.

Leandra het ook met hom gepraat voordat daar onkoste aangegaan was om toerusting te koop.

Ek kon geen bewys kry dat hulle die ander trustees se gevoel in die verband getoets het nie.

Volgens Andre was hy nie oorweeg nie omdat hy nie vir die pos aansoek gedoen het nie. Robbie erken dat hy nie weer 'n aparte kwotasie ingedien het nie.

Hennie: Admin

Hennie noem dat Andre sy vrou geskakel het en versoek om op die oord te gaan bly verskeie take wat basies op n uitgebreide admin pos neerkom.

Hierdie voorval het my laat besluit om die bewerings met Andre te bespreek aangesien dit onaanvaarbaar is vir n voorsitter om sy posisie so te misbruik.



Nadat ek met n paar eienaars gepraat het het dit aan die lig gekom dat Hennie inderwaarheid vir Andre, en ander eienaars, geskakel het met die versoek dat sy vrou geskakel moet word om haar te oorreed om af te trek Anchors toe sodat hy vir die admin pos kan aansoek doen.

Hennie het dit op navraag bevestig.

Ek dink beide Hennie en die eienaars wie geskakel het het hier n growwe oordeelsfout begaan.

Daar is ook deur ons as Trustees fouteer deurdat die vereistes en take nie duidelik uitgespel was nie, almal was ook nie seker oor die besoldiging nie. Dit het verwagtings geskep wat nie realiseer het nie.

Daar is ook trustees wat steeds nie gelukkig is met die bedrag nie.

Die persoon is nie n werknemer nie maar n gekontrakteerde. Sy is dus verantwoordelik, behalwe vir die kantoor en telefoonlyne wat aangele is, vir hul eie uitgawes bv. skryfbehoeftes, telefoon oproepe ens.

Ek dink dis vir Desre ook nog nie heeltemaal duidelik wat van haar verwag word nie. Bv. kantoor ure, roetine pligte, aan wie sy verantwoording moet doen, ens.

'n Voorstel is aanvaar vir kantoor ure vanaf 9:00vm tot 13:00nm

Eenheid 153 se Honde

n Punt wat ook telkens uit Leandra se frustrasie in haar kort periode as bestuursagent opduik is die feit dat daar nie goedkeuring is vir die derde hond nie. Daar is aan my verduidelik dat daar beoog word om die hond aan te wend as n patrolliehond. Dit kan voordelig wees, maar ek kon nie enige bewys kry dat daar wel pogings was om hom op te lei nie.

Reels is egter reels. Dit is ook so dat, soos in die verlede, daar met goeie motivering uitsonderings gemaak kan word.

Die feit is dat wat ook al die doel met die hond is daar sal aansoek gedoen moet word en goedkeuring verkry word om dit op die oord aan te hou.



Bouplanne Eenheid 51 & 80

Volgens Robbie vra hy reeds lank wie die aanbouings goedgekeur het.

Andre se dat die planne lankal reeds goedgekeur is toe Tom nog deelvan die komitee was.

Robbie is ook ontevrede dat hy nie betrek word nie. Daar is verskeie bouprojekte op die oord waarvan hy nie kennis dra nie.

Die aanbouings by Iona se eenheid(80) is verdag en daar word vermoed dat sy onderverhuur. Ek en Robbie het by geleentheid die aanbouings gestop omdat daar vermoed was dat die doel in om die eenheid te onderverdeel.

Die bouery is weer later hervat en afgehandel.

Tydens my onlangse besoek het dit gelyk of daar twee gesinne afsonderlik daar woon.

Ek stel voor dat die eenheid besoek word om onself te vergewis van die uiteensetting van die gebou. Die trappe aan die buitekant is n fout. Was dit so goedgekeur?

Stickers

Volgens inligting aan my voorsien was die stickers(12) deur Tom aan Faan oorhandig wie dit weer aan Leandra gegee het. Faan & Tom bevestig dit, maar Leandra ontken dit.

Special Levy

Dit was tydens Trustee vergaderings bespreek en ook by die AGM. Die finkom het die moontlikheid van befondsing ondersoek maar kon nie uit bestaande fondse n bydrae maak nie. Hulle het die instelling van n "special levy" ondersteun.

Vrae is toe gevra oor kwotasies, wie gekwoteer het en dies meer. Dit sal eers met die volgende vergadering bespreek en moontlik bekragtig word.

Paaie

Die verbetering van paaie was op die vorige vergadering ook aangespreek.

Daar is besware dat die geld eerder vir die reservoir aangewend kon word ipv n "special levy" of minstens n gedeelte daarvan.

Die projek was die innisiatief van Faan. Die pad tot waar hy tans is kos net n vrag G5

Sement (29 sakkies) het hy vanuit sy begroting gekoop.



G5 kos R 1980.00 en sement R 70.00 x 29 =2030.00 dus R4010 plus arbeid. Vir 45 meter.
In my tyd as Trustee was daar by verskeie geleenthede G5 aangekoop om paaie wat verspoel het op te vul net om met die volgende reen weer weg te spoel. Faan se innisiatief is n langtermyn oplossing en bespaar op die langtermyn.
Die projek verdien komplimente, nie kretiek nie.

Kommunikasie

Daar is n nuwe webwerf en volgens inligting is dit aktief.
Die domain behoort aan Anchors.
Die ou webwerf behoort verkieslik verwyder te word maar minstens dormant wees.

n Nuusbrief is in proses (met dank aan Desre) dit is lank uitstaande, maar ek dink met haar inset is die problem nou oorkom.

Bou Komitee

Die mening bestaan dat Wentzel as kontrakteur wat op die oord werk nie deel van die bou kommite behoort te wees nie.
Alhoewel dit nog nie as n problem by my opgekom het nie, sien ek die nadeel daarvan in wanneer daar n dispuut ontstaan. Dit sal moeilik wees om te bewys dat daar nie bevoordeling was as die kontrakteur deel was van besluitneming nie.
Om bovermelde situasie te voorkom ste lek voor dat dat Faan op die komitee go-opteer word, soos Tom in die verlede, en dat Wentzel by n ander portufulje betrek word. Dit is wenslik dat die komitee of minstens die meerderheid op die oord gesetel is.

Plaaswerf

Geld vir kos vir diere op die oord word vir jare al voorsien.

Die plaaswerf is n innisiatief wat deur Andre gedryf word om die "animal farm" te laat herleef. Ek dink dit is n goeie projek wat net tot voordeel van die oord bedryf kan word.
Alhoewel daar teenstand deur sekere eienaars is, skep die ganse wat op die oord rondloop vir my n rustige atmosfeer.



Ek dink kommunikasie is weereens n probleem as dit by die sluit van die plek kom.

Daar is voorbeelde waar skade gely is en van die diere dood is omdat besoers hokke oopgelos het. Geen eienaar wie vra om af te gaan word weggewys nie.

Bonus aan Sue maar nie vir Tom

Daar is aan Sue n bedrag betaal as blyk van waardering vir haar diens.

Dit is nie die gebruik om dieselfde te doen tov n persoon wat bedank nie.

Dit het egter enigeen vrygestaan om voor te stel dat ons in die verband n uitsondering maak.

Hout wat vanaf die oord verwyder word.

Hierdie aspek was verlede jaar ook deur Robbie opgehaal.

Dit is volgens Andre so dat daar n reeling is dat persone die hout kom oplaai.

Daar is nog geen bewys wat hulle verbind aan enige ongeruimthede op die oord nie.

Dit is n feit dat ons die hout seker self kan werwerk en daardeur inkomste genereer.

Dit is egter arbeids intensief en n taak wat ons nie met die huidige personeel kan dryf nie.

Eienaars is welkom om voorstelle te maak oor die verwerking daarvan.

Houthuisie

Daar was n aanbod dat die huisie wat ons afgebreek het te koop vir R500. Die aanbod was teruggetrek nadat vasgestel is dat dit erg verrot is en nie die moeite werd is om te koop nie. Dit is toe by die store, teen die muur geberg. Robbie het egter versoek dat dit daar verwyder moet word omdat hy die muur wou verf.

Ek het die oorblyfsels van die hut by die stoor gesien.

Safari vergadering.

Alle punte was nie besoek tydens die safari vergadering nie, en die notule van die vorige safari vergadering was nie byderhand om te sien of die



| | | | |
|--|---|--|--|
| | <p>vorige probleme aangespreek was nie.</p> <p>Volgens terugvoer was daar nie beperking geplaas op die areas wat besoek is nie. Dit het enige trustee of eienaar vry gestaan om te versoek dat sekere area besoek moet word.</p> <p>Dit sou n besliste voordeel gewees het indien die vorige notule in ag geneem was.</p> <p><u>Opmeet van Eenhede</u></p> <p>Wentzel se eenheid so bo vloer is opgemeet en aan Flip deurgegee wat dit as korrek aanvaar het.Dit is nie n goeie gebruik nie omdat dit altyd n vraagteken oor die eienaar se eerlikheid plaas.</p> <p>Tydens onderhoude het dit ook aan die lig gekom dat Flip soms plekke opmeet deur dit af te tree.Hierdie gebruik is onaanvaarbaar en word aanbeveel dat hy dringend dog ernstig versoek word om die gebruik onmiddelik te staak.</p> | | |
| | | | |